education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008

PUNTE: 150

TYD: 3 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n addendum van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2008, wat soos volg is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD IN DIE 1960's?

   VRAAG 2: HOE HET UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA 'N WERKLIKHEID GEWORD?

   VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VANAF DIE 1960's TOT EN MET 1990 NA VORE GEKOM?

   - Fokus 1960's: Burgerregtebewegings en Swartmag-bewegings in die VSA

   VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VANAF DIE 1960's TOT EN MET 1990 NA VORE GEKOM?

   - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide die brongebaseerde vrae wat 45 punte tel en die uitgebreide skryfwerk wat 30 punte tel.

4. In die beantwoording van vrae word daar van kandidate verwag om toepassing van kennis, vaardighede en insig te demonstreer.

5. Kandidate wat die bronne as antwoorde oorskryf, sal benadeel word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE HET BERLYN GEDURENDE DIE KOUE OORLOG DIE SPANNING TUSSEN DIE (VSA) EN DIE USSR VERHOOG?

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Waarom is die slagoffer geskiet? (2 x 1) (2)

1.1.2 Waarom is die Berlynse Muur gebou? (2 x 1) (1)

1.1.3 Watter gevolgtrekkings kan na aanleiding van Bron 1A gemaak word? (3 x 1) (3)

1.1.4 Maak van die bron en jou eie kennis gebruik en verduidelik waarom Peter Fechter van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn ontsnap het. (3 x 1) (3)

1.1.5 Hoe effektief is Bron 1A om die uitwerking van Berlyn op die Koue Oorlog uit te lig? (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Ontleed die beweging van mense tussen 1960 en 1962. (2 x 2) (4)

1.2.2 Identifiseer die jaar waarin daar die hoogste aantal oorlopers was en verduidelik waarom. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Waarom, dink jy, was Khrushchev se oprigting van die Berlynse Muur geregverdig? (3 x 1) (3)

1.3.2 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit die feit dat honderde Oos-Duitsers geskiet is terwyl hulle probeer het om na Wes-Berlyn toe oor te kruis? (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik waarom die Amerikaners onverhoeds betrap is. (1 x 2) (2)

1.3.4 Hoe vul Bron 1B vir Bron 1C aan? (2 x 2) (4)

1.3.5 Maak gebruik van al die bronne en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink dit vir die USSR noodsaaklik was om Kommunisme in Berlyn te vestig. (2 x 2) (6)

1.3.6 Verbeel jou dat jy 'n Duitser is wat van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn oorloop. Gebruik Bron A, B en C, sowel as jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf waarin jy die toestande in Wes-Berlyn en Oos-Berlyn beskryf. (60 woorde) (6)

Kopiereg voorbehou

1.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort omtrent TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 1.4.1 OF VRAAG 1.4.2.

1.4.1 Bespreek hoe Berlyn die middelpunt van die spanning geword het in die Koue Oorlog tussen die USSR en die VSA. (30)

OF

1.4.2 Gebruik die gegewe bronne en jou eie kennis en skryf 'n berig vir jou plaaslike koerant oor jou ondervindinge as 'n Berlynse burger gedurende die tydperk van die Koue Oorlog. (30) **[75]**

VRAAG 2: HOE HET DIE SOSIO-EKONOMIESE EN POLITIEKE UITDAGINGS DIE STRYD OM UHURU IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970'' GERAAK?

Bestudeer Bronne 2A, 2B en 2C om die volgende vrae te beantwoord:

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Definieer die volgende geskiedkundige terme:

(a) Diktator
(b) Keiser ('Emperor') (2 x 2) (4)

2.1.2 Verduidelik Jean Bokassa se leierskapstyl. (2 x 2) (4)

2.1.2 Hoe akkuraat is die voorstelling in Bron 2A met betrekking tot diktatorskap as 'n tipe regering in sommige Afrika-lande in die 1960's en 1970's? (2 x 2) (4)

2.1.3 Verduidelik hoe Frankryk bygedra het tot ekonomiese uitdagings in die Sentraal-Afrika Republiek. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Gebruik Bron 2B en jou eie kennis om die hooffunksies van die IMF te verduidelik. (2 x 2) (4)

2.2.2 Wie het voordeel getrek uit die Afrika-skuldkrisis van die 1970's? (3 x 1) (3)

2.2.3 Gebruik Bron 2B en jou eie kennis om te verduidelik waarom Afrika-state soveel skuld opgebou het. (2 x 2) (4)

2.2.4 Watter boodskap word deur hierdie spotprent oorgedra? (2 x 1) (2)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Wat was Ghana se koloniale naam? (2 x 1) (2)

2.3.2 Hoe toespaslik is Bron 2C vir 'n geskiedkundige wat die dekolonisasie van Afrika in die 1960's en 1970's bestudeer? (2 x 2) (4)

2.3.3 Verduidelik tot watter mate jy sou sê dat koloniale regering verantwoordelik was vir ekonomiese uitdagings in Afrika. (2 x 2) (4)

2.3.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik hoe diktatorskap Uhuru in Afrika geaffekteer het. (6)

2.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort omtrent TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 2.4.1 OF VRAAG 2.4.2.

2.4.1 Bespreek die ekonomiese en politieke beperkings (uitdagings) wat Afrika-state sedert onafhanklikheid in die gesig gestaar het. (30)

OF

2.4.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n berig vir jou plaaslike koerant oor die onderwerp: 'Voormalige koloniale magte was verantwoordelik vir die onderontwikkeling en armoede in Afrika na onafhanklikheid'. (30)
[75]

VRAAG 3: WATTER INVLOED HET MARTIN LUTHER KING JR. EN MALCOLM X OP BURGERLIKE PROTESBEWEGINGS GEHAD IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's?

Bestudeer Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Watter vorm van protes het Martin Luther King voorgestaan? (2 x 1) (2)

3.1.2 Definieer die volgende geskiedkundige terme:

(a) Burgerregte

(b) Burgerlike protes (2 x 2) (4)

3.1.3 Verduidelik wat Martin Luther King met die volgende stelling bedoel het: 'Laat ons nie ons dors vir vryheid probeer les deur uit die beker van bitterheid en haat te drink nie.' (*'Let us not seek to satisfy our thirst for freedom by drinking from the cup of bitterness and hatred.')* (2 x 2) (4)

3.1.4 Dink jy dat Martin Luther King se benadering tot burgerlike protes gepas was in die 1960's? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die geskiedenis van die burgerregtebewegings in die VSA bestudeer. (3 x 1) (3)

3.2.2 Hoe toon Bron 3B dat die Ku Klux Klan en die 'White Citizens Council' gewelddadige organisasies was? (2 x 1) (2)

3.2.3 Vergelyk Martin Luther King and Malcolm X se benadering tot burgerlike protes. (2 x 2) (4)

3.2.4 Verduidelik of die volgende stelling van Malcolm X geregverdig was: 'As hulle die Klu Klux Klan nie-gewelddadig maak, sal ek nie-gewelddadig wees.' (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die belangrikheid van die sitstaking ('sit-in') as 'n vorm van protes. (2 x 2) (4)

3.3.2 Verwys na die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink dat die sitstaking suksesvol was gedurende die veldtogte. (2 x 2) (4)

3.3.3 Verduidelik die impak van hierdie foto op die protesteerders. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) waarin jy die vorm van burgerlike vryheidsprotes in die VSA verduidelik. (6)

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort omtrent TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 3.5.1 OF VRAAG 3.5.2.

3.5.1 Bespreek die Burgerregtebeweging-protes ('Civil Rights Movement protest') in die VSA in die 1960's. (30)

OF

Gebruik die gegewe bronne en jou eie kennis en skryf 'n berig vir jou plaaslike koerant oor die impak van die 'Ek het 'n droom' (*'I have a dream'*) -toespraak. (30)
[75]

VRAAG 4: WATTER BYDRAE HET STEVE BIKO EN DIE SWART BEWUSSYNBEWEGING TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970'S GELEWER?

Bestudeer Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Verduidelik die volgende geskiedkundige terme:

(a) Swartbewussynsbeweging ('Black Consciousness Movement') (1 x 2) (2)

(b) Bevryding (1 x 2) (2)

4.1.2 Verduidelik hoe Steve Biko die nodigheid van Swart Bewussyn regverdig. (1 x 2) (2)

4.1.3 Hoe beeld Bron 4A die swart man uit? (1 x 2) (2)

4.1.4 Wat, volgens Steve Biko, moet gebeur om die verdrukking van swart mense in Suid-Afrika te beëindig? (2 x 2) (4)

4.2 Raadpleeg Bron 4B.

4.2.1 Hoekom, dink jy, het Donald Woods die SASO gekritiseer? (2 x 1) (2)

4.2.2 Wat, volgens Bron 4B, was die doelwit van die Bantoestan-beleid? (2 x 2) (4)

4.2.3 Gebruik Bron 4B en jou eie kennis en verduidelik hoe apartheid Swartmense geraak het. (2 x 2) (4)

4.2.4 Verduidelik of Donald Woods se siening van die lede van SASO as pro-apartheidsregering geregverdig is. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Gebruik Bron 4B en jou eie kennis en verduidelik waarom Steve Biko in aanhouding was. (2 x 1) (2)

4.3.2 Wat was die impak van hierdie foto op die ou vryheidstyd? (3 x 1) (3)

4.3.3 Volgens die bron en jou eie kennis, hoe het die regering gereageer op Steve Biko se ideologie? (2 x 2) (4)

4.3.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie foto vir 'n historikus wat die geskiedenis van die swartbewussynsbeweging bestudeer. (2 x 2) (4)

4.3.5 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) om die omstandighede van Steve Biko se dood te verduidelik. (6)

4.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort omtrent TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 4.4.1 OF VRAAG 4.4.2.

4.4.1 Bespreek die invloed van die Swartbewussynsbeweging op die vryheidstryd in Suid-Afrika. (30)

OF

4.4.1 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n berig vir jou skooltydskrif waarin jy Steve Biko se bydrae tot die stryd teen apartheid evalueer. (30)
[75]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou